



© Publikasie:LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.  
Bosmanstraat 380, Pretoria  
Tel.: (012) 401 0700  
E-pos: lapa@lapa.co.za  
© Teks: Dewald Koen 2015

Geset in 10 op 13 pt Arial  
Grafiese uitleg deur Full Circle

Hierdie teks mag vir opvoedkundige doeleindes gratis versprei en gekopieer word. Geen gedeelte van hierdie teks mag egter vir kommersiële doeleindes aangewend word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

# Uit

'n gids

saamgestel deur  
Dewald Koen

LAPA Uitgewers  
[www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)

# Inhoudsopgawe

---

Inleiding	5
A Die skrywer	6
B Resensie	7
C Titel, omslag en flapteks	13
D Tyd, ruimte en verteller	14
E Karakters	16
F Vrae en woordeskat	17
G Mondeling-onderwerpe, skryftake en klasgesprekke	28
H Voorgestelde antwoorde op vrae	30
I Bibliografie en geraadpleegde bronne	39

# Inleiding

---

Hierdie gids is spesifiek geskryf vir leerders wat **Afrikaans** as **Addisionele Taal** op skool studeer. Die gids bevat inligting en aktiwiteite wat as hulpmiddel vir die onderwyser dien. Die daaropvolgende vrae en woordeskat sal die inhoud meer toeganklik vir die nie-moedertaalspreker maak.

Die gids is so gebruikersvriendelik moontlik uiteengesit om die onderrigproses te vergemaklik. Onderwysers sal gevolglik in staat wees om 'n omvattende uiteensetting van belangrike literêre aspekte in die roman vooraf aan die leerders te verduidelik wat as inleiding tot die roman sal dien. Vrae word per hoofstuk gevra met relevante woordeskat om leerders in staat te stel om die narratief beter te verstaan, maar ook hul eie Afrikaanse woordeskat in die proses uit te brei. Leerders word sodoende deeglik voorberei om die roman en die gepaardgaande aktuele kwessies te bestudeer.

Aangesien die roman sensitiewe aktuele kwessies aanroer, moet leerders vooraf voorberei word om 'n tema soos homoseksualiteit met 'n oop gemoed te benader. Onderwysers moet gevolglik bereid wees hierdie tema objektief, maar ook op sensitiewe wyse binne die klaskamer te bespreek.

As deel van die pre-lees-aktiwiteite kan onderwysers vir leerders een of twee "Coming out"-video's op *YouTube* wys. (Kyk veral na iemand soos Troye Sivan van *Spud*-faam se video.) Volg ook die volgende skakels vir relevante bronne:

- [https://www.youtube.com/watch?v=WYodBfRxKWI&list=PLHiSP2Ox1T-AoLf7BBHe5wA4-n-7I\\_Lxv&index=1](https://www.youtube.com/watch?v=WYodBfRxKWI&list=PLHiSP2Ox1T-AoLf7BBHe5wA4-n-7I_Lxv&index=1)
- [https://www.youtube.com/watch?v=JoL-MnXvK80&list=PLHiSP2Ox1T-AoLf7BBHe5wA4-n-7I\\_Lxv&index=6](https://www.youtube.com/watch?v=JoL-MnXvK80&list=PLHiSP2Ox1T-AoLf7BBHe5wA4-n-7I_Lxv&index=6)
- [https://www.youtube.com/watch?v=MQz7c-6R4ic&list=PLHiSP2Ox1T-AoLf7BBHe5wA4-n-7I\\_Lxv&index=23](https://www.youtube.com/watch?v=MQz7c-6R4ic&list=PLHiSP2Ox1T-AoLf7BBHe5wA4-n-7I_Lxv&index=23)
- [https://www.youtube.com/watch?v=GfAzLbkzKa0&index=35&list=PLHiSP2Ox1T-AoLf7BBHe5wA4-n-7I\\_Lxv](https://www.youtube.com/watch?v=GfAzLbkzKa0&index=35&list=PLHiSP2Ox1T-AoLf7BBHe5wA4-n-7I_Lxv)

# Die skrywer

---

## Fanie Viljoen

Fanie Viljoen is op 2 Januarie 1970 in die Vrystaatse dorp Welkom gebore. Hy het sy skoolloopbaan in Welkom voltooi en het sedert skooldae 'n passie vir kreatiewe skryfwerk gehad. Hy het veral goeie opstelle op skool geskryf, maar hy het nooit oorweeg om een-dag 'n skrywer te word nie.



Fanie se eerste werk was as 'n kassier by 'n bank en hy het vir 'n ruk lank ook by Sanlam gewerk. Hy het sy eerste kortverhaal in die Afrikaanse tydskrif *Sarie* gepubliseer. Fanie skryf ook gereeld radiodramas. Een van sy eerste radiodramas is getiteld *Oupa Rooijan kry 'n girlfriend*.

Tot op hede het Fanie al 31 boeke geskryf (waarvan twee in Engels vertaal is). Hy het ook talle literêre pryse soos die M.E.R.-prys vir jeuglektuur en die ATKV-kinderboektoekenning asook die Goue Sanlam-prys vir jeuglektuur gewen. Sy radiodramas *Die losprys* (2000) en *Agter geslote deure* (2002) het albei die tweede plek in die RSG/Sanlam-radioskryfkompetisie vir beginners verower.

Fanie se eerste roman, *Slym*, het in 2004 by Lapa-uitgewers verskyn. Van sy bekendste jeugromans sluit in *Breinbliksem* (2005), *Onderwêreld* (2008), *Betower* (2012), die *Nova*-reeks en die omstrede *Pleisters vir die dooies* (2014). Fanie beskik oor vele talente en behalwe skryf, skilder hy ook gereeld. Fanie is 'n selferkende soettand en hou veral van sjokolade, heuning en nougat. Hy geniet dit om na musiek te luister en te lees wanneer hy wil ontspan. Fanie woon in Bloemfontein. (Besoek gerus Fanie Viljoen se tuisblad by <http://www.fanieviljoen.co.za/>.)

## Resensie (vir die onderwyser)

---

Die volgende resensie deur Dewald Koen en Coenraad Walters het op *Litnet* verskyn. Die resensie bied vir die onderwyser sowel as die leerder 'n algemene oorsig van die roman. Dit dien ook as goeie opsomming van die verhaalelemente.

### **Uit** deur Fanie Viljoen

#### **Twee onderwysers, twee menings**

Coenraad Walters en Dewald Koen is albei onderwysers en albei kenners van die letterkunde. Hulle is gevra vir 'n wedersydse gesprek oor Fanie Viljoen se nuutste boek, die jeugroman *Uit*. Hulle het egter albei versoek om nie vooraf mekaar se menings oor die boek te sien nie. Hul onderskeie indrukke word hier geplaas soos wat dit tematies by mekaar aansluit.

### **Oor Fanie Viljoen in 2014**

#### **Coenraad Walters**

2014 het ontwikkel in 'n jubeljaar vir Fanie Viljoen – nie alleen vier hy tien jaar sedert sy eerste boek (*Slym*, Lapa 2004) nie, maar hy publiseer onder meer twee baanbrekerswerke vir tieners en jong volwassenes: eers *Pleisters vir die dooies* oor 'n skoolskietery, en nou *Uit*.

#### **Dewald Koen**

Vanjaar blyk 'n besonder produktiewe jaar vir Fanie Viljoen te wees – minder as 'n maand ná die verskyning van sy opspraakwekkende roman *Pleisters vir die dooies* het sy jongste roman pas by Lapa verskyn.

### **Oor die verhaal *Uit***

#### **Coenraad Walters**

*Uit* vertel die verhaal van Brent Stander, 'n seun in graad 10 aan 'n skool in Bloemfontein. Hy is 'n talentvolle rugbyspeler (nou nog in die tweede span, maar sy visier is daarop gestel om die eerste span se vleuel te word). Omdat sy lyf gespierd gebrei word deur die sport, sien meisies hom raak en stel die gewilde Nita sterk in hom belang. Sy beste vriend, Kevin, is vir hom 'n rolmodel, nie alleen op die sportveld nie, maar ook sosiaal: partytjies, drank, meisies (en Kevin praat nie net groot oor wat hy met meisies aanvang nie – hy dóén dit werklik). Brent se idee van wat 'n “regte man” is, berus in 'n hoë mate op Kevin se uitlatings. Voorts het

Brent 'n gemaklike verhouding met sy ouers en laerskoolsussie, Lana.

### **Dewald Koen**

Die verhaal handel oor Brent Stander, 'n sestienjarige tienerseun en bekwame rugbyspeler. Brent se karakter versinnebeeld die deursnee-tienerseun en die algemene kwessies wat tieners se lewe daagliks affekteer. Aanvanklik blyk die roman jou tipiese tienersage oor meisies en rugby te wees. Talle verwysings na seks, drank en partytjies, sowel as suggestiewe opmerkings deur die antagonis, Kevin, wat toevallig ook Brent se beste vriend is, kom in die roman voor. Kevin se beheptheid met die seksuele word oortuigend aangebied en dien funksioneel binne die groter raamwerk van die narratief te wees, aangesien dit juis Kevin se obsessie met seks is wat Brent dwing om sy eie seksuele identiteit te ondersoek. Kevin se karakter verteenwoordig die tipiese chauvinistiese Afrikanerman wat glo dat daar “niks fout daarmee [is] om só met die girls rond te mors nie” (bl. 11). Reeds vroeg in die roman word die leser bewus van Kevin se houvas op Brent en dat Brent heel moontlik meer as slegs vriendskaplike gevoelens teenoor Kevin koester.

### **Oor die tema van die boek**

#### **Coenraad Walters**

Wat Brent egter uitsonder tussen sy skoolmaats, is die groeiende gewaarwording dat hy anders is as hulle. Hy probeer dit onderdruk en hy let fyn op na hoe om te praat en op te tree sodat hy kan inpas, maar dit word ál moeiliker. Eindelik ontwikkel sy innerlike konflik, veral weens sy verhouding met Nita en sy kontak met 'n nuwe kennis, Henri, tot 'n punt waar hy nie anders kan as om die waarheid in die oë te kyk en dit met ander te deel nie: Brent is gay. Selfaanvaarding is nie noodwendig maklik nie en hy bereik eers die rand van 'n afgrond. Die reaksie van ander karakters wanneer Brent se seksualiteit aan die lig kom, verteenwoordig 'n breë spektrum: skok, ongeloof, verwerping en fisieke geweld, maar ook aanvaarding en steun.

Viljoen karteer Brent se binnereis baie oortuigend: Daar is dikwels oomblikke wat die leser sal herinner aan die stommiteite van jou eie tienerjare. Die karakterbeelding, skryfstyl, dialoog – alles dra by tot 'n besonder meevoerende vertelling. Die waarde van die boek lê egter nie slegs in Viljoen se herhaalde demonstrasie dat hy uitstekend kan vertel nie – dit lê ook in die onderwerp en die vernuwende bydrae wat dit in die Afrikaanse letterkunde vir jonger lesers bring.

Homoseksualiteit as literêre tema is niks nuuts nie; ook in Afrikaans



is dit 'n gevestigde onderwerp. Kyk gerus na boeke soos *Klaprose teen die wind* van Marzanne Leroux-Van der Boon en Eben Venter se *Wolf wolf*, asook die verhale van Hennie Aucamp en Johann de Lange. In Engelse fiksie vir tieners en jong volwassenes is daar 'n lang lys titels oor hierdie tema beskikbaar: die Amerikaner David Levithan se *Boy meets boy*, sy samewerking met die populêre John Green, *Will Grayson*, en die Nieu-Seelander Graeme Aitkin se *50 ways of saying fabulous* dien as enkele voorbeelde.

Dit is hoog tyd dat die onderwerp klinkklaar in Afrikaans aangesny word. Ek kan nie dink aan 'n ander gay karakter in Afrikaanse boeke vir hierdie ouderdomsgroep nie, behalwe die hoofkarakter se beste vriend in Francois Bloemhof se *Slinger-slinger* (1997). Is dié onderwerp werklik só doodgeswyg in Afrikaanse tienertekste? Hopelik sal lesers my onkunde regstel.

## Dewald Koen

Reeds met die ietwat gewaagde omslagontwerp van Zinelda McDonald word die tema van die seksuele, of eerder seksualiteit, in die roman gesuggereer. Die ekstatische liggaamstaal van die hemplose tienerseun wat in die lug spring, dui op 'n gevoel van bevryding – 'n onderwerp wat telkens in die roman geopper word. Die voorblad is tot 'n mate soortgelyk aan dié van Viljoen se roman *Spring* wat in 2013 verskyn het. Net soos in die geval van Leon van Nierop se *Plesierengel* word die voorblad op geslaagde wyse as prikkel vir bemarkingsdoeleindes aangewend. McDonald se ontwerp is heel smaakvol en gepas ter inleiding tot die tema van die roman.

Homoseksualiteit is 'n onderwerp waaroor gereeld op talle platforms gedebatteer word. Selfs in 2014 blyk dit steeds omstrede te wees weens die verskeidenheid opinies wat deur onderskeie sektore van die samelewing oor dié onderwerp uitgespreek word. Dit is juis dié omstrede onderwerp wat Viljoen as tema vir sy jongste roman gekies het – 'n eerste vir Afrikaanse jeugliteratuur.

Die titel sinspeel op die proses waartydens 'n homoseksuele persoon uit die figuurlike kas klim en sy of haar seksuele oriëntasie bekendmaak. Verder dui dit ook op 'n vorm van selfbevryding waartydens die persoon in staat is om sy of haar ware self te wees sonder enige vorm van skuldgevoel of skaamte. Die titel kan gevolglik reeds 'n vermoede by die leser aktiveer dat hierdie roman moontlik oor homoseksualiteit handel.

Die narratief word vanuit die eerstepersoonsperspektief aangebied.

Viljoen het waarskynlik dié vertelperspektief gekies juis om 'n meer persoonlike stemming in die roman te skep, sodat die leser die hoofkarakter se gevoelens en ervarings met groter meegevoel kan ervaar.

Viljoen het hier 'n hoogs omstrede onderwerp op geslaagde wyse aangepak deur sport, maar meer spesifiek rugby, as 'n sentrale element te inkorporeer. Rugby word deur die meeste tienerseuns tot 'n mate verafgod en dien dus as 'n geskikte vertrekpunt om die omstrede kwessie van die hoofkarakter se seksuele oriëntasie aan te pak. Dit was heel moontlik 'n taktiese besluit van Viljoen om die omstredenheid van die onderwerp op 'n minder bombastiese en moontlik omstrede wyse aan te bied. Deur rugby as onderwerp te gebruik, het Viljoen ook die stereotipe van gay mans as verwyfd vermy. Brent word uitgebeeld as 'n gewone tienerseun wat rugby speel en tyd met sy vriende deurbring.

Met die verloop van die roman word die leser bewus daarvan dat die hoofkarakter met 'n groot geheim rondloop waarmee hy worstel. “Jy lieg vir jouself, sê 'n binnestem. Jy het nog altyd. Dis wat jou deesdae so pla. Dis jou eie leuens” (bl. 65). Brent se innerlike stryd met sy seksualiteit word deurgaans deur middel van innerlike monoloog aan die leser ontbloot. Wanneer sy paaie met dié van Henri kruis, word sy stryd tot 'n klimaks gevoer.

Viljoen raak ook temas soos tienerselfdood en homofobie in die roman aan. Beide onderwerpe is aktuele kwessies wat gereeld op talle platforms aandag geniet en hier op geslaagde wyse in die narratief geïnkorporeer word. Brent se eerstehandse ervaring van homofobie lei tot die klimaks en ontknoping van dié spannende roman.

## **Nog gedagtes**

### **Coenraad Walters**

Ek hoop natuurlik heimlik dat *Uit* 'n reeks word. Hoe gaan Brent se pad nou verder loop met sy familie en sy skoolmaats? Want die oplos van innerlike konflik oor jou seksualiteit plaas jou – soos Brent begin beleef – potensieel in konflik met die mense óm jou. Watter rol gaan Henri voortaan speel? Gaan die konstitusionele hof Brent se konserwatiewe skoolhoof (wat die Bybel as vlieëplak inspan) dwing om Brent en 'n manlike dansmaat by die matriekafskeid toe te laat? Gaan Brent ooit trou? Kinders grootmaak? Die moontlikhede is onbeperk.

Met *Uit* bou Viljoen sy eie indrukwekkende publikasielys en die tienerfiksiegenre in Afrikaans positief uit met nóg 'n verhaal wat ver en wyd gelees moet word. Vele tieners gaan hul eie stryd hierin weerspieël sien. Duisende meer gaan besef wat hul maats of familieledede deurmaak.

Families en onderwysers kan insig verkry in die optrede en denkprosesse van seuns en meisies met wie hulle te doen kry.

Natuurlik gaan daar mense wees wat hieroor brom en beswaar maak. Natuurlik gaan skole in die moeilikheid kom as dit op die voorgeskrewe lys of die biblioteekrak staan, maar dit móét daar staan, want dit is nodig, en – selfs belangriker – dit is goed.

### **Dewald Koen**

Met *Uit* het Viljoen 'n omstrede tema as onderwerp vir sy roman gekies – iets wat nog nooit tevore in die Afrikaanse jeugliteratuur gedoen is nie. Die roman is prysenswaardig, aangesien dit homoseksualiteit op 'n objektiewe wyse deur middel van die narratief bespreek. Die nawoord bevat boonop waardevolle inligting vir tieners wat aspekte rondom hul seksuele oriëntasie wil ondersoek.

Ten spyte van die boeiende narratief wat Viljoen aanbied, is daar egter sekere vrae wat geopper moet word. Die feit dat die hoofkarakter seksueel met 'n meisie verkeer wetende dat hy nie seksueel tot haar aangetrokke is nie, is nie noodwendig realisties nie. Viljoen kon moontlik hierdie aspek vermy het, aangesien dit teen daardie tyd in die narratief reeds duidelik is dat die hoofkarakter gay is. (Dit ten spyte daarvan dat hy aan homself wil bewys dat hy nie gay is nie.) Die uitbeelding van die homofobiese skoolhoof wat Brent openlik kritiseer, blyk ook problematies te wees, aangesien dit binne die Suid-Afrikaanse konteks hoogs onwaarskynlik is dat 'n skoolhoof sy/haar werk op die spel sal plaas, gegewe die beskerming wat homoseksuele regte in die Grondwet geniet. Dat homofobie aan die orde van die dag is, word nie bevraagteken nie, maar in die romangegewe dui dit op 'n moontlike stereotipe van sogenaamd konserwatiewe Afrikaanse skoolhoofde. Verder moet die leser hom of haar ook afvra of dit realisties is dat 'n homofobiese individu (in dié geval Kevin) twee dae sal wag om sy gay vriend oor sy seksuele oriëntasie te konfronteer.

Laasgenoemde faktore doen egter nie afbreuk aan die roman as geheel nie. *Uit* is baanbrekerswerk sover dit die Afrikaanse jeugliteratuur aangaan. Met hierdie roman slaag Viljoen daarin om homoseksualiteit, 'n kwessie waarmee talle tieners (en volwassenes) worstel, op 'n realistiese wyse uit te beeld. Die roman sal wel by tieners aanklank vind danksy die gemaklike taalgebruik en die realistiese uitbeelding van tieners oor die algemeen. Beide Viljoen en Lapa moet geprys word omdat hulle dit gewaag het om 'n jeugroman oor gaywees met 'n gay hoofkarakter te skryf en te publiseer. “Elke mens moet iets doen wat hom

bang maak. Al is dit net eenkeer in jou lewe, doen iets wat jou bang maak ...” (bl. 91). Met laasgenoemde aanhaling bied *Uit* hoop aan talle mense wat met hul seksuele oriëntasie worstel. Met dié roman toon Viljoen weer eens dat hy sy vinger stewig op die pols het van aktuele kwessies wat die jeug daagliks affekteer.


## Titel, omslag en flapteks

---

Die roman se titel, *Uit*, sinspeel op die proses waartydens 'n homoseksuele persoon uit die figuurlike kas klim en sy of haar seksuele oriëntasie bekendmaak. Verder dui dit ook op 'n vorm van selfbevryding waartydens die persoon in staat is om sy of haar ware self te wees sonder enige vorm van skuldgevoel of skaamte. Die titel skep gevolglik 'n vermoede by die leser dat hierdie roman moontlik oor homoseksualiteit handel.

Die voorblad (omslag) beeld 'n jong seun uit wat in die lug spring met 'n oopgeknoopte hemp en arms wat wyd oopgesper is. Dit is 'n simbool van bevryding en die seun se aanvaarding van sy seksuele oriëntasie. Hy is spreekwoordelik bevry van sy groot geheimhouding omtrent sy seksuele voorkeure en aanvaar dit met ope arms.

Reeds in die flapteks kry die leser 'n idee waaroor die roman handel. Dit verwys ook na die "geheim wat dreig om hom te verskeur". Dit wil voorkom asof Brent 'n gewone tienerseun is wat rugby speel en graag tyd met sy vriende deurbring, maar daar is 'n geheim wat hy nie met mense wil deel nie.



# Tyd, ruimte en verteller

---

## Wat is 'n roman?

Die woord “roman” beteken letterlik “'n boek geskryf” in Romaans (Grové 1963:80). Die roman is 'n prosaverhaal waarin mense (karakters) “geplaas in 'n sekere omgewing, geteken word in hulle begeertes, hulle onderlinge verhoudinge en hulle handeling” (1963:80). Die klem val dus op karakterontwikkeling eerder as 'n beskrywing van die handeling. (In *Uit* se geval toon Brent deurgaans tekens van karakterontwikkeling.)

## Tyd

**Verteltyd:** Die term “verteltyd” verwys volgens Brink (1987:92) na “die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel”. (Met ander woorde die aantal bladsye van die novelle of roman.)

**Vertelde tyd:** Die “vertelde tyd” dui op “die periode wat deur die storie gedek word vanaf die vroegste tydsmoment waarna [in die teks] verwys word” (1987:92). Steenberg (1985:90) noem die “vertelde tyd” die “lees-tyd” wat “meetbaar [is] in minute, ure, dae [en] weke”.

Die roman *Uit* se **verteltyd** strek dus oor **133 bladsye**. Die **vertelde tyd** strek oor 'n tydperk van 'n paar maande in die **hede**. Die verhaal word **chronologies** aangebied.

## Ruimte

Vanuit 'n narratologiese oogpunt word daar volgens Venter (1985:95-96) drie vorme van ruimtelikheid in die epiek (roman / novelle) onderskei:

1. Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** (die **plek** waar die storie afspeel)
2. Die narratiewe verhaalruimte (die wyse waarop die storieruimte vertel word)
3. Die diskursiewe vertellersruimte (die vraag na die instansie uit wie se ruimtelike bewussyn waargeneem of gefokaliseer word)

In *Uit* is die vertelde storieruimte (of milieu) **Bloemfontein**. Die verhaalgebeure speel hoofsaaklik af by die skool, Brent se ouerhuis, die verskeie klubs, die Universiteit van Pretoria en Kevin se huis.

## **Verteller**

Die roman word vanuit die perspektief van die **eerstepersoonsverteller** aangebied. Dit word reeds in die openingsin van die roman bevestig: “Party dae dink ek ek bly in ’n malhuis” (bl. 5). Die eerstepersoonsverteller verleen ’n meer persoonlike stemming aan die roman, en die hoofkarakter (protagonis) se innerlike stryd en aanvaarding van sy seksualiteit kan dus met groter meegevoel deur die leser ervaar word.

## Karakters

---

<b>Brent Stander</b>	hoofkarakter, graad 10, bruin hare, groen oë, vierkantige ken en reguit neus
<b>Lana Stander</b>	Brent se jonger sussie, graad 7
<b>Brent se pa</b>	ingenieur, pa en Brent lyk dieselfde (voorkoms)
<b>Brent se ma</b>	werk by die bank
<b>Kevin</b>	Brent se beste vriend, graad 10, kaptein van die tweede rugbyspan
<b>Vince</b>	graad 10, speel nie rugby nie, hy is ook in Kevin en Brent se klas, speel tennis
<b>Nita</b>	graad 10, sy is in 'n ander klas, blonde skouerlengte hare, mooi stout gesig
<b>De Waal</b>	rugbyspeler, soms bietjie stadig
<b>Meneer Meintjies</b>	afrigter van die tweede rugbyspan
<b>Jonty Weyers</b>	spesialis-rugbyafrigter
<b>Stephan Opperman</b>	kondisioneringsafrigter
<b>Henri</b>	swart hare, diepblou oë, kuiltjie in die wang, leerder aan die Hoërskool Redhill, rugbyspeler
<b>Meneer Oosthuizen</b>	skoolhoof



# Vrae en woordeskat

---

## Hoofstuk 1

### Wiskunde, plakkaat, lessenaar, ingenieur, tas

- 1.1. Waarom is Lana so haastig om by die skool te kom?
- 1.2. Watter musiekinstrument bespeel Brent?
- 1.3. Van watter rugbyspeler hou Brent? Waaruit kan die leser dit aflei?
- 1.4. Hoekom dink jy is Brent se slaapkamer so deurmekaar?
- 1.5. Wat is “toebies”?
- 1.6. Waarom is Brent se pa ontsteld?
- 1.7. Watter beroep beoefen Brent se pa?
- 1.8. Waar werk Brent se ma?
- 1.9. Wat het Brent in sy kamer vergeet?

## Hoofstuk 2

### skoolhoof, skoolrooster, stoppelbaard

- 2.1. Watter belofte maak Brent aan homself?
- 2.2. Watter vak het Brent in die eerste periode?
- 2.3. Verduidelik waarom Brent en Kevin mekaar tydens pouse agter die gimnasium gaan ontmoet.
- 2.4. Watter tipe seun dink jy is Kevin? Waaruit kan ons dit aflei?
- 2.5. Oor watter meisie staan die seuns en gesels en waarom is hulle so in haar geïnteresseerd?

## Hoofstuk 3

### gesprek, ligsinnig, laken, rekenaar, mompel

- 3.1. Waaroor gesels die seuns gereeld?
- 3.2. Waarvan, dink Brent, kan hy baie by Kevin leer?
- 3.3. Na wie se profiel kyk Brent op *Facebook*?
- 3.4. Van watter tipe flieks en musiek hou Nita?
- 3.5. Vir wie wil Brent graag kontak? Hoekom wil hy die persoon kontak?

## Hoofstuk 4

### beskuit, skottelgoed, uitnodiging, partytjie

- 4.1. Wat is die Afrikaanse woord vir “email”?

- 4.2. Vir wie het Brent 'n e-pos gestuur?
- 4.3. Hoe voel Brent wanneer hy vir Nita kyk wanneer sy wegloop?
- 4.4. Waarom eet Brent so baie? Wat is sy verduideliking hiervoor?
- 4.5. Na wie se musiek luister Lana?
- 4.6. Soos wie wil Brent graag wees? Waarom dink jy wil hy soos dié persoon wees?
- 4.7. Wat het Nita in die e-pos geskryf wat sy vir Brent gestuur het?

## **Hoofstuk 5**

### **spieël, selfvertroue, boude, afrigter**

- 5.1. Wat gebeur daardie Saterdagand?
- 5.2. Watter vrees het Brent gehad wat nou verby is?
- 5.3. Wat het Brent na die partytjie aangetrek?
- 5.4. Waarom besluit Lana om saam te ry wanneer Brent se ma hom by die partytjie gaan aflaai?
- 5.5. Waarom, volgens Brent, het hy 'n goeie liggaamsbou?

## **Hoofstuk 6**

### **dwaal, naeltjie, benoud, stort, lyf, geurig**

- 6.1. Wat beteken dit as iemand effens “geklap” is?
- 6.2. Wie dans soos 'n “brandsiek buffel”?
- 6.3. Wat is 'n “sottekonsert”?
- 6.4. Dink jy Brent is 'n goeie danser? Gee 'n verduideliking vir jou antwoord.
- 6.5. Wat het Brent en Nita gedoen terwyl hulle gedans het?
- 6.6. Wat was Brent se reaksie nadat dit gebeur het?

## **Hoofstuk 7**

### **kussing, senuweeagtig, mangels, skaam, prewel, vleuel**

- 7.1. Waaroor dink Brent terwyl hy in sy bed lê?
- 7.2. Waaroor was Brent se vriende so beïndruk?
- 7.3. Verduidelik waarom Brent so graag vir Kevin wil beïndruk.
- 7.4. Watter posisie wil Brent volgende jaar speel?
- 7.5. Wat is Brent se groot droom?

## **Hoofstuk 8**

### **klok, jol, lawaai, verward, stry, afknou, gemorskos**

- 8.1. Waarom is Brent so bly oor die rugbykamp?
- 8.2. Wie rig die tweede rugbyspan af?
- 8.3. Wat het Kevin vir Brent gesê om op die bus te doen? Sal jy dit as 'n vorm van afknouery beskou? Verduidelik.
- 8.4. Waarheen gaan die seuns vir hul rugbykamp?

## **Hoofstuk 9**

### **koshuis, bagasie, bekommerd, sluipskutter, sweetpak, moeilikheid**

- 9.1. Waar gaan die seuns bly tydens hul rugbykamp?
- 9.2. Wie is Jonty Weyers en Stephan Opperman?
- 9.3. Waarvan droom Kevin terwyl hy na die spanpraatjie luister?
- 9.4. Wie was Winston Churchill?
- 9.5. Watter kreet skree die spelers na afloop van die oefening?
- 9.6. Wat wil Kevin daardie aand gaan doen?

## **Hoofstuk 10**

### **dop, laken, snork, afkeer, bewondering, voedselaanvullings**

- 10.1. Mag die seuns al alkohol drink? Gee 'n rede vir jou antwoord.
- 10.2. Watter geluk het Kevin oorgekom by die kuierplek?
- 10.3. Waarna verwys die woord "Tukkies"?
- 10.4. Wie is Enrique Iglesias?
- 10.5. Waarom, volgens Brent, hou die meisies so baie van Kevin?
- 10.6. Wat is die "onwettige goed" waarna die dieetkundige verwys?
- 10.7. Wat is die nuwe-effekte van die "onwettige goed"? Noem drie.
- 10.8. Waarom besluit Brent om eerder in die kamer te gaan aantrek nadat hy gestort het?
- 10.9. Waaroor lieg beide Brent en De Waal vir mekaar?

## **Hoofstuk 11**

### **stemme, hoendernes, dreigement, kussing, onderbroek, bedompig, kaal**

- 11.1. Watter tydskrif het Brent die aand in die bed deurgeblaai?
- 11.2. Wat het Brent besluit om in die kamer te doen?

- 11.3. Wat sien Brent op Kevin se swart onderbroek? Watter afleiding maak Brent hieruit?
- 11.4. Wat het die aand gebeur nadat Brent reeds in die bed was en Kevin teruggekeer het na die koshuis?

## **Hoofstuk 12**

### **verrassing, wedstryd**

- 12.1. Van watter drie rugbyspelers praat oom Jonty en Stephan met die seuns?
- 12.2. Wie het die seuns onverwags verras?
- 12.3. Waarvoor is die persoon bekend?
- 12.4. Hoe sal jy Brent se verhouding met sy pa en suster beskryf?
- 12.5. Wat het Brent by sy pa geleer?

## **Hoofstuk 13**

### **wedstryd, vasberade, bloos, afleiding, geleentheid**

- 13.1. Wat is deesdae Kevin se siening op die lewe?
- 13.2. Watter progressie is daar in Brent en Nita se verhouding?
- 13.3. Wat stel Kevin voor moet Brent met Nita doen? Waarop baseer hy hierdie voorstel?
- 13.4. Waarom, dink jy, is Brent bekommerd?

## **Hoofstuk 14**

### **gedagtes, aantrekkamer, skor, onverklaarbaar**

- 14.1. Waarom dink Vince dat Brent se gedagtes deesdae deurmekaar is?
- 14.2. Wat laat Brent beseef dat Nita smoorverlief op hom is?
- 14.3. Hoe oud was Brent toe hy beseef het dat hy "anders" voel?
- 14.4. Teen watter skool speel Brent-hulle rugby?
- 14.5. Watter fout het Brent tydens die wedstryd gemaak?
- 14.6. Hoe het die afrigter na afloop van die wedstryd opgetree?
- 14.7. Wat het met Brent gebeur toe hy vir die seun in die opposisiespan gekyk het?
- 14.8. Verduidelik waarom jy dink hy so gevoel het.

## **Hoofstuk 15**

### **wakker, beddegoed, waarheid, drukkie, breekpunt**

- 15.1. Waaraan dink Brent die hele tyd?
- 15.2. Watter vraag bly Brent homself vra?
- 15.3. Wie het met Brent kom praat om uit te vind of iets hom pla?
- 15.4. Wat doen die persoon om Brent beter te laat voel?
- 15.5. Wat doen Brent by die skool wat teen die skoolreëls is?

## **Hoofstuk 16**

### **debat, toespraak, skouerophalend, tik**

- 16.1. Waarmee moet Brent vir Lana help?
- 16.2. Hoekom vra sy juis vir Brent om haar hiermee te help? Verduidelik.
- 16.3. Waaruit kan ons aflei dat Brent baie beskermend teenoor sy sussie voel?
- 16.4. Wat is die onderwerp van Lana se toespraak?
- 16.5. Hoekom is die onderwerp ironies binne die konteks van Brent se innerlike konflik?

## **Hoofstuk 17**

### **langnaweek, asem, oorlogskreet, rekenaar, verkeer, doellyn**

- 17.1. Wat gaan Brent en sy vriende tydens die langnaweek doen?
- 17.2. Hoe beskryf Brent Kevin se broer?
- 17.3. Dink jy Kevin en sy broer het 'n goeie verhouding? Verduidelik.
- 17.4. Hoe voel Kevin oor homoseksualiteit?
- 17.5. Waarom het die seuns eerder raakrugby in die tuin gaan speel?
- 17.6. Wat maak De Waal se ma gespanne?
- 17.7. Watter sportsoort speel Vince?
- 17.8. Wie het die eerste punte aangeteken?
- 17.9. Wat het Kevin met Vince gedoen? Waarom dink jy het hy dit gedoen?
- 17.10. Wat is Kevin se planne vir daardie aand?

## **Hoofstuk 18**

**verraai, gewete, goedkeuring, vervoer, luidspreker, kwyl, kroegman, badkamer, wasbak, bewe**

- 18.1. Hoe voel Brent oor wat Kevin aan Vince gedoen het?
- 18.2. Watter musiekgroep tree by die klub op?
- 18.3. Waarom mag die seuns die vertoning bywoon? (Hulle is sestien jaar oud.)
- 18.4. Waaroor is Kevin die mees opgewonde?
- 18.5. Watter drankie drink Brent en Nita by die klub?
- 18.6. Waarheen gaan Brent wanneer hy vasgekluiser voel?
- 18.7. Wie sien Brent in die badkamer wat hy vroeër die aand by die kroeg gesien het?

## **Hoofstuk 19**

**gespied, stotter, skuldig, verdwaas, naskeermiddel**

- 19.1. Waarom dink jy “pols” Brent aan die binnekant?
- 19.2. Hoekom stotter Brent wanneer hy met Henri praat?
- 19.3. Hoe weet Henri wat Brent se naam is?
- 19.4. Watter kompliment gee Henri vir Brent?
- 19.5. Waarvan wil Henri seker maak?
- 19.6. Wat doen Henri wat Brent skok?
- 19.7. Wat was Brent se reaksie op Henri se optrede?

## **Hoofstuk 20**

**flits, vensterbank, buite, verskoning, maalkolk**

- 20.1. “Jy is ... is jy nie?” Wat wou Henri vir Brent vra?
- 20.2. Waarheen het Brent gegaan toe hy by die klub uitgehardloop het?
- 20.3. Wat is Brent se verskoning wanneer Nita hom vra wat fout is?
- 20.4. Watter redes voer Brent vir homself aan waarom hy nie gay kan wees nie?

## **Hoofstuk 21**

**bederf, anders, teleurgesteld, verpletter**

- 21.1. Wie het vir Brent huis toe geneem?

- 21.2. Waarom trek Brent al sy klere uit terwyl hy vir homself in die spieël kyk?
- 21.3. Watter simboliese betekenis het bogenoemde optrede?
- 21.4. Watter vraag oor homself kon Brent nie beantwoord nie?
- 21.5. Hoe voel Brent daaroor dat iemand anders sy “andersheid” kan sien?

## **Hoofstuk 22**

### **geure, roosterbrood, spek, eier, opgewek, ontbyt, dankbaarheid, messegoed**

- 22.1. Waaroor gesels Lana en haar ma in die kombuis?
- 22.2. Hoe beskryf Brent sy ouers se siening omtrent kleredrag en liefde?
- 22.3. Waaroor dink jy is Brent bekommerd nadat hy sy ma se gesprek met Lana afgeluister het?
- 22.4. Aan wie dink Brent terwyl hy ontbyt eet?
- 22.5. Wat is die kursiefgedrukte teks op bladsy 78? Verduidelik.

## **Hoofstuk 23**

### **grinnik, driftig, skarrel, emosieloos, blomme**

- 23.1. Waarom het Brent nie vir Nita gebel soos hy beloof het nie?
- 23.2. Wat sien Brent nadat sy ma hom by die skool afgelaai het?
- 23.3. Watter tragiese insident het plaasgevind?
- 23.4. Waarom het die graad 9-meisie selfdood gepleeg?

**Let wel: Daar word nie meer na selfdood as selfmoord verwys nie.**

## **Hoofstuk 24**

### **sielkundige, verloën, aaklig, verdoesel**

- 24.1. Wat is die *Volksblad*?
- 24.2. Beskryf die voorkoms van die meisie wat selfdood gepleeg het.
- 24.3. Watter verrassing vind Brent daardie dag op sy *Facebook*-blad?
- 24.4. Hoe laat hierdie verrassing hom voel en wat doen hy daaromtrent?
- 24.5. Watter versoek rig Nita tot Brent?
- 24.6. Waarom het Nita se ma vir haar voorbehoedmiddels gegee?
- 24.7. Wanneer beplan Nita en Brent om seksueel te verkeer? Waarom besluit hulle juis op hierdie tyd?

## **Hoofstuk 25**

### **ongeduldig, das, sleutel, grimering**

- 25.1. Waaroor is Lana daardie oggend baie ontsteld?
- 25.2. Waarom het Lana en haar ma die vorige aand kolwyntjies gebak?
- 25.3. Wat beplan die vriende om daardie aand te doen?

## **Hoofstuk 26**

### **gang, oorbel, hangertjie, vals-kerm, geslag**

- 26.1. Waarvoor is Brent baie bang terwyl hy en Nita in die winkelsentrum rondstap?
- 26.2. Wie het Vince na die fliek vergesel?
- 26.3. Wat is die klub se naam waar die seuns die een aand gekuier het?
- 26.4. Watter film het die seuns en meisies gaan kyk?
- 26.5. Waaraan dink Brent terwyl hy na die film kyk?
- 26.6. Watter waardevolle raad het Brent se pa vir hom tydens die dag by die rugby gegee toe hy in graad 7 was?
- 26.7. Waarna kyk Brent nadat Nita hom gedurende die film gesoen het? Wat sê dit vir ons as die lesers omtrent Brent se innerlike stryd?
- 26.8. Wie is Michael Fassbender en Megan Fox?

## **Hoofstuk 27**

### **lomerig, lomp, ervaring**

- 27.1. Wat moet Brent daardie Saterdagoggend by die skool doen?
- 27.2. Wat gebeur daardie aand wat Brent baie senuweeagtig maak?
- 27.3. Hoekom dink jy is Brent hartseer nadat hy en Nita seksueel verkeer het?

## **Hoofstuk 28**

### **boodskap, toebroodjie, leuen**

- 28.1. Waaroor gesels Brent en sy vriende die Maandagoggend?
- 28.2. Hoe voel Brent oor wat hy en Nita die Saterdagoggend gedoen het?
- 28.3. Dink jy dit was regverdig teenoor Nita dat Brent met haar seks gehad het? Verduidelik.



## **Hoofstuk 29**

### **worstel, ooreenkoms**

- 29.1. Watter vrae vra Brent homself oor sy seksuele oriëntasie?
- 29.2. Wat ontdek Brent toe hy die Bybel vir antwoorde op sy vrae raadpleeg?
- 29.3. Gaan lees meer oor die volgende bekende persone wat gay is en hoe gay-wees hul lewe geraak het: David Testo, Gareth Thomas, Greg Louganis, Ricky Martin, Steven Davies, Billie Jean King, Ian Thorpe en Justin Fashanu.
- 29.4. Tot watter belangrike insig kom Brent nadat hy laasgenoemde persone se lewensverhale gelees het?
- 29.5. Wat, volgens jou, beteken dit om “jouself te aanvaar”?

## **Hoofstuk 30**

### **ingedagte, onderdruk, gebore**

- 30.1. Wat is Brent se rugby-doelwit vir volgende jaar? (graad 11)
- 30.2. Wat sê Brent se pa vir hom voor die rugbywedstryd?
- 30.3. Hoe laat dit Brent voel?

## **Hoofstuk 31**

### **afgehaal, baniere, onophoudelik**

- 31.1. Watter sport speel Nita?
- 31.2. Waarom voel Nita effens afgehaal terwyl sy met Brent gesels?
- 31.3. Waarom luister Brent voor die wedstryd na musiek?
- 31.4. Wie het na Brent se rugbywedstryd kom kyk wat hom effens emosioneel laat?

## **Hoofstuk 32**

### **bloedsuier, strafskop, doellyn, fluitjie, skeidsregter**

- 32.1. Hoe verloop die span se rugbywedstryd daardie Saterdagoggend?
- 32.2. Hoeveel punte het Brent se span nodig om die wedstryd te wen?
- 33.3. Watter fout het Brent tydens die rugbywedstryd gemaak?

## **Hoofstuk 33**

### **onwerklik, verskoning, troos, deernis**

- 33.1. Vir wie blameer Kevin dat hul span die wedstryd verloor het? Waaruit kan ons dit aflei?
- 33.2. Hoe het Brent Nita na afloop van die wedstryd behandel?
- 33.3. Wie gesels met Brent op die skoolstoep?
- 33.4. Wat het Brent en Henri gedoen terwyl hulle op die stoep gesit het?

## **Hoofstuk 34**

### **verduidelik, houding, waarheid, woedend**

- 34.1. Wat gebeur die Maandagoggend tussen Brent en Kevin by die skool?
- 34.2. Waaroor konfronteer Kevin vir Brent?
- 34.3. Watter leuen vertel Brent vir Kevin?
- 34.4. Dink jy dat Brent en Kevin ná die gebeurtenis nog vriende gaan wees? Verduidelik.

## **Hoofstuk 35**

### **hoofseun, verslae, dominee, verstoot, veragterd**

- 35.1. Wat het een van die ouens op Brent se hemp geskryf?
- 35.2. Hoe voel die hoofseun oor gays? Waaruit kan die leser dit aflei?
- 35.3. Wat is die skoolhoof se reaksie oor Brent se homoseksualiteit wanneer hy met Brent in sy kantoor praat?
- 35.4. Hoekom mag Brent nie meer rugby speel nie?
- 35.5. Wie het Brent in die badkamer kom troos?
- 35.6. Watter van Brent se vriende het hom verwerp?
- 35.7. Wat is De Waal se redenasie oor hoekom mense homofobies is?
- 35.8. Wat was Nita se reaksie oor Brent se homoseksualiteit?

## **Hoofstuk 36**

### **geluid, sprinkaan, ontken, afgestomp, lyfband**

- 36.1. Watter belangrike keuse moet Brent maak wanneer hy by die huis kom?
- 36.2. Wat besluit Brent omtrent sy seksualiteit?
- 36.3. Wat wil Brent doen om van sy innerlike stryd te ontvlug?

## **Hoofstuk 37**

### **wandelaar, diefwering, verwerping**

37.1. Wat doen Brent met die belt in sy kamer?

37.2. Waarom wil hy dit doen?

37.3. Het Brent sy plan uitgevoer? Waarom het hy besluit om dit te doen?

37.4. Wie het Brent in sy kamer gevind?

## **Hoofstuk 38**

### **verbyster, gespe, kneukel, skuldig**

38.1. Wat is Brent se ouers se reaksie wanneer hulle hom in sy kamer vind?

38.2. Wat vertel Brent sy ouers omtrent homself?

38.3. Wat was Brent se ouers se reaksie nadat hy hulle vertel het dat hy gay is?

## Mondeling-onderwerpe, skryftake en klas-gesprekke

---

- Skryf 'n toespraak of opstel oor 'n bekende sportpersoonlikheid wat gay is.
- Voer 'n onderhoud met 'n gay leerder of volwassene waarin jy hom of haar uitvra omtrent hul eie ondervinding as gay seun of meisie toe hulle op skool was.
- Word gay seuns of meisies op skool geboelie of gekoggel? Skryf 'n toespraak of opstel waarin jy die onderwerp breedvoerig bespreek.
- Is dit regverdig teenoor 'n heteroseksuele meisie indien 'n gay seun met haar in 'n verhouding betrokke is? Bespreek.
- Waarom is dit steeds vir baie gay persone moeilik om openlik oor hul seksuele oriëntasie te wees? Bespreek.
- Bespreek Kevin se verhouding met Brent. Fokus veral op die wyse waarop Kevin vir Brent negatief beïnvloed en waarom Brent dit toelaat.
- Dink jy Fanie Viljoen se uitbeelding van 'n gay skoolseun is realisties? Bespreek.
- Moet gay seuns of meisies toegelaat word om storte en koshuiskamers met heteroseksuele persone te deel?
- Wat is die gevare verbonde aan die misbruik van alkohol, dwelmmiddels of steroïede?
- Is die meeste tieners werklik so seksueel aktief soos in die roman uitgebeeld word? Bespreek.
- Indien jy die storielyn kon verander, wat sou jy verander en hoekom?
- Wie is jou gunsteling-karakter in die roman? Verduidelik.
- Dink jy hierdie roman is geskik om op skool gelees te word? Bespreek.
- Rolspeel 'n situasie waar jy vir iemand wat uit die kas wil kom raad gee wat om te doen.
- Wat kan skole doen om homofobie en afknouery te verhoed?
- Dink jy dit is makliker vir meisies om gay te wees as vir seuns? Bespreek.
- Dink jy Brent het Nita onregverdig behandel toe hy besluit het om saam met haar te slaap?
- Dink jy ouers moet voorbehoedmiddels aan hul tienerseun of dogter gee?

- Wat is jou mening oor selfdood? Moet mense die reg hê om hul eie lewe te neem?
- Lees Fanie Viljoen se “Raad as jy wil uitkom” (bladsy 134-136). Bespreek die wenke wat Fanie gee krities.
- Op 11 Oktober word “Coming Out Day” gevier. Wat is jou opinie oor hierdie dag wat jaarliks gevier word?

# Voorgestelde antwoorde

---

## Hoofstuk 1

- 1.1. Lana is bang sy gaan laat wees vir skool, want sy is bang vir haar onderwysers.
- 1.2. Brent speel die kitaar.
- 1.3. Hy hou van Morné Steyn. Daar is 'n plakkaat teen sy kamermuur opgeplak.
- 1.4. Hy is 'n tipiese tienerseun.
- 1.5. Dit verwys na toebroodjies.
- 1.6. Hy het vergeet om die skakelaar aan te skakel toe hy sy selfoon wou herlaai.
- 1.7. Hy is 'n ingenieur.
- 1.8. Sy werk by die bank.
- 1.9. Hy het sy rugbybal in sy kamer vergeet.

## Hoofstuk 2

- 2.1. Hy beloof homself dat hy die volgende dag vroeër sal opstaan.
- 2.2. Hy het Wiskunde.
- 2.3. Kevin het vir Brent geterg en gesê hy is laat omdat hy eers sy lakens moes was.
- 2.4. Kevin het baie selfvertroue, maar is ook 'n boelie wat ander mense afknou. Die leser kan die afleiding maak gebaseer op die manier waarop Kevin met sy vriende praat.
- 2.5. Die seuns staan oor Nita en gesels omdat sy volgens hulle baie aantreklik is en groot borste het.

## Hoofstuk 3

- 3.1. Die seuns gesels gereeld oor rugby en meisies.
- 3.2. Brent dink dat Kevin hom baie oor meisies kan leer.
- 3.3. Brent kyk na Nita se profiel op *Facebook*.
- 3.4. Nita hou van flieks soos *There's something about Mary* en *August Rush*. Sy luister graag na Die Heuwels Fantasties en David Guetta se musiek.
- 3.5. Hy wil vir Nita kontak. Hy stel in haar belang en wil 'n meisie hê.

## Hoofstuk 4

- 4.1. e-pos
- 4.2. Hy het vir Nita 'n e-pos gestuur.
- 4.3. Sy hart klop wild, sy hande sweet en hy voel 'n onrustigheid in homself.

- 4.4. Hy is 'n groeiende tienerseun.
- 4.5. Lana luister na David Guetta se musiek.
- 4.6. Brent wil graag soos Kevin wees. Hy wil ook soveel selfvertroue soos Kevin hê wanneer dit by meisies kom.
- 4.7. Sy het vir Brent 'n uitnodiging na haar partytjie gestuur.

## Hoofstuk 5

- 5.1. Nita se partytjie vind die Saterdagmiddag plaas.
- 5.2. Hy was senuweeagtig omdat hy nie baie selfvertroue het wanneer hy met meisies praat nie en omdat hy nie cool genoeg lyk nie.
- 5.3. Hy het sy Diesel jeans en Converse sneakers met 'n swart Levi's-hemp aangetrek.
- 5.4. Sy wil kyk watter rokke al die meisies na die partytjie aangetrek het.
- 5.5. Hy bou spiere deur rugby te speel.

## Hoofstuk 6

- 6.1. Die persoon het te veel alkohol gedrink en is dronk.
- 6.2. Vince dans soos 'n brandsiek buffel.
- 6.3. Dit is 'n konsert wat gewoonlik deur graad agts as deel van hul verwelkoming in die hoërskool opgevoer word. Daar word met hulle die gek geskeer.
- 6.4. Leerder se eie opinie. Goeie motivering.
- 6.5. Hulle het gesoen.
- 6.6. Iets omtrent die soen het nie vir Brent reg gevoel nie.

## Hoofstuk 7

- 7.1. Hy dink oor die soen wat hy en Nita gedeel het.
- 7.2. Brent se vriende was beïndruk dat hy Nita gesoen het.
- 7.3. Kevin is Brent se rolmodel en hy wil baie graag soos Kevin wees en hom gelukkig maak deur alles te doen wat Kevin doen.
- 7.4. Hy wil graag vleuel speel.
- 7.5. Hy wil graag rugby vir sy skool se eerste span speel.

## Hoofstuk 8

- 8.1. Hy wil graag sy kop skoon kry deur weg van die skoolomgewing te kom.
- 8.2. Meneer Meintjies rig die tweede rugbyspan af.
- 8.3. Hy moes voor die ander seuns kitaar speel en sing. Leerder se eie mening met rede.
- 8.4. Hulle gaan Pretoria toe.

## Hoofstuk 9

- 9.1. Hulle gaan in een van die manskoshuise by die Universiteit van Pretoria bly.
- 9.2. Jonty Weyers is die spesialisafripter en Stephan Opperman is die kondisioneringsafripter.
- 9.3. Hy droom daarvan om eendag vir die Springbokspan te speel.
- 9.4. Hy was twee maal die Britse Eerste Minister.
- 9.5. "Harder, sterker, vinniger!"
- 9.6. Hy wil die stad se nagklubs gaan verken.

## Hoofstuk 10

- 10.1. Nee. Hulle is sestien jaar oud.
- 10.2. Hy het 'n B.Com.-student ontmoet met wie hy die aand gekuier het.
- 10.3. Dit verwys na die Universiteit van Pretoria.
- 10.4. Enrique Iglesias is 'n Latyns-Amerikaanse sanger.
- 10.5. Hy is goed gebou en baie gespierd.
- 10.6. Dit verwys na steroïede.
- 10.7. Woede-uitbarstings, puisies op jou arms en rug en dit affekteer 'n man se testes.
- 10.8. Hy voel selfbewus in die stort en hy voel ook skuldig omdat die ander seuns kaal is en hy gevoelens teenoor seuns koester.
- 10.9. Beide Brent en De Waal spog dat hulle al seksueel met 'n meisie verkeer het.

## Hoofstuk 11

- 11.1. Hy het 'n SA *Rugby*-tydskrif deurgeblaai.
- 11.2. Hy het besluit om Kevin se bed vir hom op te maak.
- 11.3. Hy sien wit semenmerke op Kevin se onderbroek. Hieruit lei Brent af dat Kevin seks met 'n meisie gehad het.
- 11.4. Kevin het 'n meisie saamgebring wat die aand by hom geslaap het.

## Hoofstuk 12

- 12.1. James Small, Gysie Pienaar en Victor Matfield
- 12.2. Francois Pienaar
- 12.3. Hy was die Springbokkaptein tydens die span se 1995 Wêreldbeker-oorwinning.
- 12.4. Brent het 'n baie hegte verhouding met sy pa en suster.
- 12.5. Sy pa het hom geleer wat dit beteken om 'n man te wees.



## Hoofstuk 13

- 13.1. Kevin is van mening dat indien jy hard speel, jy ook hard partytjie moet hou.
- 13.2. Hul verhouding raak ernstiger en Nita wil graag Brent se meisie wees.
- 13.3. Kevin stel voor dat Brent Nita moet “plattrek”. Hy is van mening dat Nita Brent se lyf met ’n seer hart begeer.
- 13.4. Leerder se eie mening.

## Hoofstuk 14

- 14.1. Vince dink Brent se gedagtes is deurmekaar omdat hy verlief is.
- 14.2. Nita gee vir hom briefies en stuur vir hom liefdevolle SMS’e.
- 14.3. Hy het op dertien besef dat hy anders voel as ander seuns.
- 14.4. Hoërskool Redhill
- 14.5. Brent het ’n kritieke duikslag gemis.
- 14.6. Hy was baie kwaad.
- 14.7. Sy binnekant het geruk.
- 14.8. Leerder se eie mening.

## Hoofstuk 15

- 15.1. Brent dink aan die seun wat vir hom gekyk het toe hy die aantrek-kamer se deur toegemaak het.
- 15.2. Hy vra homself of daar dalk herkenning was en of die seun ook dalk tot hom aangetrokke gevoel het.
- 15.3. Lana het met Brent kom gesels.
- 15.4. Sy het vir Brent ’n drukkies gegee.
- 15.5. Hy hou Nita se hand vas.

## Hoofstuk 16

- 16.1. Hy moet Lana help om haar debattoespraak te skryf.
- 16.2. Lana is van mening dat Brent slim is.
- 16.3. Hy raak baie streng wanneer sy oor liefde en seuns praat. Hy wil sy sussie teen ouens beskerm.
- 16.4. Liefde
- 16.5. Die onderwerp is ironies aangesien Brent ’n innerlike stryd voer om vas te stel of hy homoseksueel is of nie en of hy op persone van dieselfde geslag verlief kan raak.

## Hoofstuk 17

- 17.1. Hulle gaan rekenaarspeletjies speel.

- 17.2. Hy beskryf hom as 'n "emo kid".
- 17.3. Leerder se eie mening. Moet rede verskaf.
- 17.4. Kevin keur homoseksualiteit ten sterkste af en is homofobies.
- 17.5. Kevin se pa het gesê dat hulle te veel geraas maak en die klank sagter moet stel.
- 17.6. Sy raak gespanne wanneer die motor se GPS nie 'n sein ontvang nie.
- 17.7. Hy speel tennis.
- 17.8. Vince en Brent het die eerste punte aangeteken.
- 17.9. Kevin het Vince platgeduik. Leerder se eie opinie.
- 17.10. Hy wil stad toe gaan om te gaan jol.

## Hoofstuk 18

- 18.1. Brent is baie ongelukkig oor wat Kevin aan Vince gedoen het.
- 18.2. Die Heuwels Fantasties tree by die klub op.
- 18.3. Die partytjie by die klub word vir tieners onder die ouderdom van agtien gehou.
- 18.4. Hy is opgewonde oor al die mooi meisies wat in die klub is.
- 18.5. Hulle drink Red Bull.
- 18.6. Hy gaan na die badkamer toe.
- 18.7. Brent sien die seun wat hy vanuit hul aantrekkamer na afloop van die rugbywedstryd gesien het.

## Hoofstuk 19

- 19.1. Hy voel senuweeagtig oor die seun wat hy gesien het.
- 19.2. Hy is op sy senuwees aangesien hy aangetrokke tot Henri voel.
- 19.3. Henri het Brent se *Facebook*-profiel opgesoek.
- 19.4. Henri sê vir Brent dat hy 'n goeie rugbywedstryd gespeel het.
- 19.5. Henri wil seker maak dat Brent ook gay is.
- 19.6. Henri wil vir Brent soen.
- 19.7. Hy het Henri weggestamp en weggehardloop.

## Hoofstuk 20

- 20.1. Henri wou vir Brent vra of hy gay is.
- 20.2. Hy het buite op die vensterbank gaan sit.
- 20.3. Brent sê vir Nita dat hy nie goed voel nie.
- 20.4. Hy sê dat hy 'n meisie het, gespied is, van sport hou, vloek, van bier hou, hy swaai nie sy heupe wanneer hy loop nie, flikker nie sy ooglede nie en swaai ook nie sy hand in die lug rond wanneer hy praat nie.

## Hoofstuk 21

- 21.1. Nita se ma het Brent by die huis gaan aflaai.
- 21.2. Hy ondersoek homself om te probeer vasstel of sy voorkoms sy homoseksualiteit wys.
- 21.3. Hy stel selfondersoek in. Sy naaktheid dui op kritiese self-evaluering.
- 21.4. Hy kan nie vir homself sê of hy gay is of nie.
- 21.5. Hy voel totaal en al verpletter deur die gedagte.

## Hoofstuk 22

- 22.1. Hulle gesels oor modes en die rokke wat sommige vroue en meisies dra.
- 22.2. Hulle is konserwatief wanneer dit by kleredrag en liefde kom.
- 22.3. Leerder se eie mening. (Hy is bekommerd oor hoe sy ouers sal reageer indien hulle moet uitvind dat hy gay is.)
- 22.4. Hy dink aan Henri.
- 22.5. Dit is Brent se gedagtes – sy innerlike monoloog.

## Hoofstuk 23

- 23.1. Hy was die naweek afgetrokke en het heeltyd aan Henri en sy innerlike stryd omtrent sy seksuele oriëntasie gedink.
- 23.2. Hy sien 'n graad 9-meisie wat sit en huil.
- 23.3. 'n Graad 9-meisie het selfdood gepleeg.
- 23.4. 'n Graad 9-meisie het haarself geskiet omdat haar ouers nie haar verhouding met 'n seun van 'n ander ras wou aanvaar nie.

## Hoofstuk 24

- 24.1. Dit is 'n Afrikaanse koerant wat in die Vrystaat versprei word.
- 24.2. Sy was kort en het krullerige hare met 'n bleek gesig en groot oë gehad.
- 24.3. Henri het vir hom 'n vriendskapversoek gestuur.
- 24.4. Hy aanvaar dit nie en ignoreer dit bloot.
- 24.5. Nita wil hê dat hul verhouding seksueel van aard moet wees.
- 24.6. Nita se ma wil nie in hierdie stadium al 'n kleinkind hê nie.
- 24.7. Die komende naweek. Nita se ouers gaan nie by die huis wees nie.

## Hoofstuk 25

- 25.1. Sy is bang dat sy weer laat vir skool gaan wees.
- 25.2. Lana het 'n entrepreneursdag by die skool.
- 25.3. Hulle wil almal gaan fliek.

## Hoofstuk 26

- 26.1. Hy is senuweeagtig omdat Nita wil hê dat hulle seksueel moet verkeer.
- 26.2. Die meisie wat hy by die klub ontmoet het. (“Kardashian-kloon”)
- 26.3. Die klub se naam is *Scrape*.
- 26.4. Hulle het *Marry Me* gaan kyk.
- 26.5. Hy dink aan die dag in graad 7 toe hy en sy pa langs mekaar by die rugbywedstryd gesit en springmielies geëet het.
- 26.6. Sy pa het gesê dat elke mens iets moet doen wat hom bang maak.
- 26.7. Hy kyk na Michael Fassbender se kaal bolyf. Hy voel heel moontlik aangetrokke tot persone van dieselfde geslag.
- 26.8. Beide is bekende akteurs.

## Hoofstuk 27

- 27.1. Hy moet 'n rugbywedstryd gaan speel.
- 27.2. Hy en Nita het seks.
- 27.3. Hy voel skuldig omdat hy met Nita seks gehad het en hy nie werklik aangetrokke tot haar of verlief op haar is nie.

## Hoofstuk 28

- 28.1. Hy vertel vir sy vriende dat hy en Nita seks gehad het.
- 28.2. Brent voel skuldig en skaam vir homself.
- 28.3. Leerder se eie mening.

## Hoofstuk 29

- 29.1. Hy vra of hy gay gebore is en of dit sy keuse was, asook hoekom hy so is.
- 29.2. Hy ontdek dat homoseksualiteit volgens talle Bybelverse 'n afskuwelike sonde is.
- 29.3. Leerder se eie leesopdrag.
- 29.4. Brent besef dat hy homself eers moet aanvaar voor hy van ander kan verwag om sy homoseksualiteit te aanvaar.
- 29.5. Leerder se eie mening.

## Hoofstuk 30

- 30.1. Hy wil graag rugby vir die skool se eerste span speel.
- 30.2. Brent se pa sê dat hy wel goed genoeg is om volgende jaar in die eerste span te speel.
- 30.3. Brent voel baie emosioneel oor sy pa se woorde.

## **Hoofstuk 31**

- 31.1. Nita speel netbal.
- 31.2. Hy is afgetrokke en luister nie werklik na wat sy sê nie.
- 31.3. Dit help hom om te konsentreer en homself sielkundig vir die wedstryd voor te berei.
- 31.4. Henri

## **Hoofstuk 32**

- 32.1. Die span het die wedstryd verloor.
- 32.2. Drie punte
- 32.3. Brent het by die kantlyn uitgetrap toe hy 'n drie wou gaan druk.

## **Hoofstuk 33**

- 33.1. Kevin blameer vir Brent dat hulle die wedstryd verloor het. Dit is duidelik te bespeur in die wyse waarop Kevin na Brent kyk.
- 33.2. Hy was baie stug teenoor Nita en het gesê dat sy hom moet uitlos.
- 33.3. Henri
- 33.4. Hulle het mekaar se hande vasgehou.

## **Hoofstuk 34**

- 34.1. Brent en Kevin het in 'n vuisgeveg betrokke geraak.
- 34.2. Kevin konfronteer vir Brent oor sy homoseksualiteit.
- 34.3. Brent sê vir Kevin dat hy nie gay is nie.
- 34.4. Leerder se eie mening.

## **Hoofstuk 35**

- 35.1. Hy het die woord "gay" met Brent se bloed op Brent se hemp geskryf.
- 35.2. Die hoofseun is homofobies. Hy kyk goedkeurend na Kevin nadat Kevin met Brent baklei het.
- 35.3. Die skoolhoof keur dit nie goed nie en sê vir Brent dat dit verkeerd is om gay te wees.
- 35.4. Brent mag nie meer rugby speel nie omdat hy gay is.
- 35.5. De Waal
- 35.6. Kevin, Nita en Vince het hom verwerp.
- 35.7. De Waal dink mense is homofobies omdat hulle dit nie verstaan nie.
- 35.8. Sy is teleurgesteld en sê hy moet doen wat hy moet doen.

## **Hoofstuk 36**

- 36.1. Hy moet besluit of hy homself gaan aanvaar soos hy is en of hy sy homoseksualiteit gaan ontken.
- 36.2. Hy verkies om homself te verwerp. Hy wil nie sy seksuele oriëntasie aanvaar nie.
- 36.3. Hy wil selfdood pleeg deur homself op te hang.

## **Hoofstuk 37**

- 37.1. Hy maak die belt aan die diefwering vas.
- 37.2. Hy wil selfdood pleeg deur homself op te hang en sodoende te verwurg.
- 37.3. Nee. Hy het nie kans gesien dat mense aan hom moes dink as die gay seun wat homself opgehang het nie.
- 37.4. Brent se pa-hulle het hom in sy kamer gevind.

## **Hoofstuk 38**

- 38.1. Hulle is baie geskok en hoogs emosioneel.
- 38.2. Hy vertel vir sy ouers dat hy gay is.
- 38.3. Hulle het hom onvoorwaardelik aanvaar vir wie en wat hy is.

## Bibliografie en geraadpleegde bronne

---

- Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.
- Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Koen, D. & Walters, C.H. 2014. *Uit deur Fanie Viljoen*. Geraadpleeg op 31 Desember 2014. <http://www.litnet.co.za/Article/uit-deur-fanie-viljoen>
- Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.
- Venter, L.S. 1985. Ruimte. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.
- Viljoen, Fanie. 2014. *Uit*. Pretoria: Lapa.

### Geraadpleegde bronne

Fanie Viljoen se tuisblad <http://www.fanieviljoen.co.za/>

Foto van Fanie Viljoen [http://www.litnet.co.za/assets/images/wen/fanie\\_viljoen.jpg](http://www.litnet.co.za/assets/images/wen/fanie_viljoen.jpg)